

VVA leer opvoeders om speel-speel wiskunde aan te bied

Wie sou kon raai dat wiskunde eintlik 'n taal is wat meer met begrip as met syfers te doen het? Dit is die boodskap wat die Vriende van Afrikaans (VVA) met hulle Doen en Leer-wiskunde-opleiding by opvoeders in George wou tuisbring.

"Wiskunde het volgens kenners eintlik min met syfers te doen en moet in sy geheel verstaan word," sê Chareldine van der Merwe, VVA se projekbestuurder.

"As gevolg van ons sukses met die Doen en Leer-leesprogram – waarin ons verlede jaar meer as 100 lees-ondersteuningsopvoeders opgelei het – is ons versoek om ook met wiskunde te kom help."

Die opleiding het op 23 Januarie by die Olympia Vaardigheidskool plaasgevind. Volgens Nicolette van den Heever, koördineerder van die Doen en Leer-program, leer geen kind dieselfde nie en is beweging eintlik 'n kind se eerste taal. "Interne en eksterne faktore maak dat elkeen van die leerders in jou klas unieke talente, vaardighede, behoeftes, uitdagings, asook sekere leervoorkeure het," sê sy.

"Die natuur se bloudruk van ontwikkeling is egter 'n maatstaf wat ons as onderwysers deurlopend by al ons leerders kan waarneem. Elke opvoeder en terapeut wat met hierdie ongelooflike wesens werk, het die voorreg en verantwoordelikheid om hulle op 'n holistiese wyse as 'n individu te help om sy of haar volle potensiaal te bereik."



Opvoeders ontvang hul wiskundepakette in George.

Nicolette sê hulle benadering is om kinders die geleentheid te gee om wiskunde speel-speel en met al hulle sintuie te bemeester. "Navorsing toon dat die meeste leerders wat formele onderrig betree op motoriese en posturale vlak onderontwikkel is. Dokter Sally Goddard maak die stelling dat die beste en mees doeltreffende leer slegs plaasvind wanneer neurologiese gereedheid en leergereedheid saam ontwikkel."

"Met die Doen en Leer-metodologie word daar nie net op kognitiewe vlak gewerk nie, maar ook op die sensoriese en motoriese vlak." Volgens haar was die terugvoer van onderwysers en ouers baie positief. "Die opvoeders was beslis baie positief en opgewonde om die holistiese speel-speel-metodologie na die klaskamer terug te neem."

"Die VVA stap reeds 'n lang pad saam met die Doen en Leer-span. Saam is reeds baanbrekerswerk met uitmuntende resultate gedoen."

Volgens Chareldine sal hulle graag die program in ander dele van die land ook wil aanbied. "Indien ons versoek word, sal ons dit definitief aanbied om opvoeders en leerders te ondersteun om die uitdagings en vrese rondom wiskunde te verbeter," sê sy.



Die VVA Kuier in die Weskus

Dit was vir die Vriende van Afrikaans besonders lekker om te gaan kuier op die Weskus. Op 29 Januarie het die VVA 'n hele program aangebied in Vredenburg. David Jantjies en Lukas Hanekom het met die onderwysers gesels oor die Moedertaalinisiatief en die belangrikheid van jou Moedertaal. Daarna het Chareldine van der Merwe (VVA) en Mandie Ehlers (ATKV) 'n voorleeswerkswinkel aangebied. Dokka Swart (Doen en Leer) het ook 'n demonstrasie van die Doen en Leer-program gedoen. Daarna was dit 'n voorreg om vyf boektrommels te kan oorhandig aan vyf verskillende skole in die Weskus omgewing. Ons wil graag vir Shemoné Bokhary bedank vir al haar moeite en reëlings.

Op 30 Januarie het die VVA dieselfde program aangebied in Paternoster. 'n Boektrommel is ook oorhandig aan die kleuterskool en die VVA het kennis gemaak met Duitse studente wat help by hierdie kleuterskool. Ons wil graag vir Joan Kruger bedank vir haar reëlings. Dit was 'n heerlike twee dae op die Weskus en ons sien uit om nog meer betrokke te raak in hierdie gemeenskap.



Aanbieders en vennote in die Weskus: David Jantjies & Lukas Hanekom (Moedertaalinisiatief), saam met Mandie Ehlers (ATKV), Shemony Bokhary (ArcelorMittal), Chareldine van der Merwe (VVA), dr Lynette Rossouw (Dept Sosiale Ontwikkeling, Weskus) en Dokka Swart (Doen en Leer).



Hier ontvang die skole hul boektrommels en Mandie lees 'n storie voor vir die kinders in Paternoster.

Pretoria Tuine kry ook boektrommels

Woensdag 12 Februarie het Mandie Ehlers (VVA) twee boektrommels oorhandig in die Pretoria Tuine omgewing. Die eerste trommel is oorhandig by Laerskool Tuine se kleuterskool, Groenie Nessie. Boekopvoeding is met al die leerders gedoen en daarna is 'n heerlike boekie voorgelees. Die kleuters het dit baie geniet en lekker interaktief deelgeneem.

Daarna is 'n trommel oorhandig aan Laerskool Tuinrand se kleuterskool, Tuinslakkies. Hierdie leerders het dit net so baie geniet en selfs as bedanking vir ons 'n liedjie gesing. Die VVA wil graag vir Merlyn van der Rheede van die Afrikaanse Taalraad bedank vir die identifisering van hierdie twee skole.



Hier is Mandie Ehlers (heel regs) en Merlyn van der Rheede (links) saam met die personeel van die skool in Pretoria wat 'n boektrommel ontvang.

VVA maak 'n draai in Soweto

Dit was vir die VVA baie lekker om 13 en 14 Februarie in Soweto te kuier. Hier het het Dokka Swart (Doen en Leer) en Nicolette van den Heever (Doen en Leer) vir die fasiliteerders van die ATKV se *Afrikaans vir Almal* Doen en Leer-opleiding gegee. Daar was ook 'n onderwyseres van Laerskool Randhart wat die opleiding ontvang het. Die volgende dag het Nicolette van den Heever Leerondersteuning-opleiding met almal gedoen. Hulle het dit baie geniet en interaktief deelgeneem. Daarna het Chareldine van der Merwe (VVA) 'n voorleeswerkswinkel aangebied. 'n Boektrommel is ook geskenk aan Suzie Matihola (Projekorganiseerder by die ATKV van die *Afrikaans vir Almal*-projek). Hulle gaan hierdie trommel gebruik om hul kinders Afrikaans te leer lees.

Baie dankie aan Karien Brits (bestuurder:taal) en Suzie Matihola (ATKV) vir hulle reëlings.



Kloksgewys van links bo: Nicolette van den Heever besig om leesondersteuningsopleiding aan te bied in Soweto; Hier ontvang die mense van die projek, *Afrikaans vir Almal*, hul Doen en Leerpakkette om kinders met leesuitdagings te help; Hulle ontvang 'n boektrommel.

Ons eerste KOPSKUIF 25 Januarie 2020



Die inleiding van die oggend het begin met die lewendige en energieke Shemone Bokhary, die skrywer van die reeks *Zoey & Superslim-helpers*. Op 'n baie oulike manier het sy die gehoor op reis geneem saam met Zoey en haar vriende, waar sy oud en jonk betrek het in haar aanbieding.

Volgende op die program was Euria Hendrickse, voormalige vakadviseur. Haar aanbieding was om ouers in te lig hoe hulle hul kinders moet ondersteun en hulle skoolgereed te kry. Sy het op praktiese maniere met ouers gedeel oor hoe hulle positiewe verhoudings met hul kinders kan bou. Haar aanbieding was interessant dog eenvoudig sodat ouers kan verstaan wat van hulle verwag word.

Laaste op die program was mnr Quinton Adams, Opvoedkundige Sielkundige, met sy inspirerende en lewendige aanbieding. Hy het almal laat verstaan dat hulle behoort en dat hul stemme gehoor moet word. Hy noem dat elkeen spesiaal is en talente besit. Ouers moes gereed na hul kinders kyk en sê, "jy is my super kind". Hulle het drukkies uitgedeel en moes die hele tyd skree, ek is hier! Klem is gelê op die hier wees en hoe belangrik dit is vir hulself om dit te besef. Hulle het struikelblokke begin identifiseer en selfs hul drome gedeel en hoe hulle dié



Kopskuif in Kylemore: Ouers en opvoeders sit koppe bymekaar.

struikelblokke kan konfronteer en oorkom! Die positiewe energie in die saal was so aansteeklik, ouers kan nie genoeg hul dank teenoor almal uitsort vir hierdie goeie hupstoot in Januarie nie en dat hulle baie meer hoop het vir 2020.

Dit is definitief die begin van baie goeie dinge in die gemeenskap. Een van my grootste begeertes is om ouers te bemagtig, motiveer, ondersteun en te inspireer. En soos ek aan die begin van alles vir julle gesê het... leesbevordering is die doelwit maar die omgewing moet op so baie maniere eers opgevoed word om daar uit te kom! Vandag was deel van die begin van ons doelwit.

Devon Combrink (Opvoeder PC Petersen Primêr)



Aanbieders en rolspelers in Kylemore: Quinton Adams, Melvina Mason, Shemone Bokhary, Chareldine vd Merwe en Devon Combrink.



Die skrywer (Shemone Bokhary) van die Zoey-reeks saam met die karakters van die storie.

Johan Combrink-lesing 2020: 'n oorsig en foto's van die geleentheid*

Jean Oosthuizen, Izak de Vries

Die Johan Combrink-lesing het onlangs in Stellenbosch plaasgevind. Jean Oosthuizen skryf oor die geleentheid en Izak de Vries deel sy foto's.


In 'n land waar slegs 14% van die bevolking boeke lees en daar in 50% van die huishoudings nie 'n enkele boek in sig is nie, is dit 'n enorme uitdaging om 'n leeskultuur te skep.

Voeg daarby die feit dat 80% van die land se graad 4-kindere nie met begrip kan lees nie, dan beseft mens waarom opvoeders met reg bekommerd is oor die toekoms van die jeug in Suid-Afrika en hulle geletterdheid.

Met dit in gedagte was Gillian Arendse vanjaar die Vriende van Afrikaans (VVA) se gasspreker tydens die jaarlikse Johan Combrink-gedenklesing in Stellenbosch. Die VVA is 'n afdeling van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) wat vanjaar hulle 90-jarige bestaan vier.

Een van die VVA se doelstellings is om kinders van jongs af lief te maak vir lees en waar moontlik te sorg dat elke kind 'n boek of meer besit. Die vraag is hoe daardie liefde vir lees by die jeug gekweek kan word.

Met 'n PhD in eksperimentele kernfisika klink iemand soos dr Arendse na 'n ongewone gas om te gesels oor Afrikaans en die belangrikheid van 'n leeskultuur. As daar egter iemand is wat die land aan die lees en luister kan kry, dan is dit hy. Hy het sy loopbaan begin as dosent by die Departement Fisika aan die Universiteit van Stellenbosch en is daarna aangestel as bestuurder van die Community Interaction and Training Division by iTemba LABS.



Aanbieder van die gedenklesing – Dr Gillian Arendse.

*Dié artikel verskyn met toestemming erkenning van Litnet.

Van 2014 tot 2015 dien hierdie boorling van die Paarl as die hoof van die Sentrum vir Mentorskap, Leer en Leierskapontwikkeling by die Universiteit Stellenbosch. Tans is hy die adjunkdirekteur van die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies by die Universiteit Stellenbosch. Hy het 'n besondere liefde vir mense en gebruik sy talente en gawes om 'n positiewe invloed op ander mense se lewe uit te oefen.

Met die vreemde tema, naamlik "Lees na Fees: 'n omkeer en 'n streep!", het hy die gaste behoorlik aan die raai gehad waarom hy nou eintlik wil praat. Draai mens die *L* in *Lees* op sy kop en voeg 'n streep by die omgekeerde *L* raak dit gou duidelik waarheen Anderse mik as mens buite die boks dink. Skielik word die omgekeerde *L* 'n *F* as mens die streep byvoeg en word *Lees* met die omkeer en die streep *Fees*.

Met hierdie omkeergedagte keer Arendse sy gehoor se idees oor lees behoorlik om. Hy trek nie net 'n streep deur uitgediende idees oor lees nie, maar skep nuwe moontlikhede om van lees 'n fees te maak. Gou besef mens hoe 'n saak 'n splinternuwe perspektief kry wanneer jy vanuit 'n ander hoek daarna kyk. Skielik besef mens jôu waarheid is nie noodwendig die enigste waarheid nie.

Hy verduidelik dit aan die hand van 'n som met Romeinse letters. Neem byvoorbeeld die vergelyking $I + XI = X$. Op die oog af is X 'n totaal verkeerde antwoord. Hoe kan 1 plus 11 gelyk aan 10 wees? Styg mens egter bietjie uit bo die gewone en kyk vanuit 'n ander hoek daarna, verander alles. Kyk mens van bo na dieselfde som en lees dit van regs na links, word dit $X = IX + I$, wat 100% korrek is.

Soms is dit nodig om anders na dinge kyk, sê Arendse. "Baie keer baklei ons oor Afrikaans, maar deur anders op te tree pleks van baklei, bereik mens dikwels meer."

Onderwysers en ouers bewys ook nie 'n guns aan kinders deur alles makliker te maak vir hulle nie. Hy vertel van 'n voorgeskrewe boek van FA Venter wat hy op skool gehad het. Hoewel hy die boek nooit klaar gelees het nie, het hy geslaag. Dit was omdat sy onderwyser al die vrae en die antwoorde aan die leerders gegee het. Gevolglik het die meeste kinders die maklike opsie gekies en slegs die vrae en antwoorde gelees sonder om ooit die boek te lees.

Mense kies altyd die makliker opsie as daar 'n keuse is, sê hy. As daar anders gedink word oor lees, sal minder mense die maklike opsie kies en sal meer mense 'n leeskultuur ontwikkel.

Wat Afrikaans betref, sê hy dit is belangriker om in Afrikaans te praat as om oor Afrikaans te praat en oor Afrikaans te baklei.

"Praat liever *in* Afrikaans as *oor* Afrikaans. Moenie energie mors op goed wat nie belangrik is en waaraan mens niks kan doen nie. As iemand vir jou vra of jy 'n probleem het en die antwoord is ja, vra jouself dan af of jy iets kan doen om die probleem op te los. As die antwoord ja is, dōén dit. As die antwoord nee is en jy kan niks daaraan doen nie, aanvaar dit en beweeg aan."

Dit help nie om jou te sit en verknies oor hoe dinge in die verlede was nie. Spandeer liever jou energie aan hoe die land behoort te lyk, is sy raad aan diegene wat so behep is met die verlede dat hulle vergeet van die toekoms.

Dan herinner hy sy gehoor met 'n glimlag aan die stokou gebedjie: "Ag Here, as jy die deur toemaak, maak tog net 'n venster oop."

Een van die probleme wat hy met vandag se onderwysstelsel het, is dat leerders byna nie meer mag druipe nie. Dit skep 'n valse verwagting by baie dat niks kan verkeerd loop nie. Wanneer so 'n persoon op universiteit of in die volwasse lewe kom, weet hulle nie hoe om 'n terugslag te hanteer nie, want hulle het nooit geleer mens kan druipe nie.

Hy sê jongmense moet aangemoedig word om uit hulle gemaksones te klim en anders te dink. "Moenie dala [doen] wat mense wil hê jy moet dala nie. Doen dit wat jy móét doen."



Chareldine van der Merwe, Fiona van Kerwel (WOW), dr Gillian Arendse (US), dr Louise Combrink, Mandie Ehlers, Karien Brits, David Jantjies en Lukas Hanekom na afloop van die 15 de Johan Combrink-gedenklesing.

$I + XI = X$

Briewe

Dagsê Chareldine

Geluk met jul laaste uitgawe van Doendinge in 2019. Dit is vir my duidelik dat julle nou met 'n Punt 22 i.p.v. 'n haelgeweer skiet en fokus op die LEES-projekte waarmee julle duidelik baie suksesvol is. Baie geluk daarmee en sterkte verder.

Mag jy en jou gesin ook in hierdie tyd en ware Christusfees ervaar.

Sterkte en groetnis,

Izak Lessing

Greenways Golf Estate

Liefste Maggie en Chareldine,

Ek wil ook net baie dankie sê vir jul altwee se moeite om ons biblioteek [Aitsa biblioteek] te ondersteun en te verbeter.

Maggie, baie dankie vir jou tyd en moeite om by ons uit te kom. Jou moeite met die soek van produkte en pryse om die biblioteek se organisering te vergemaklik is werklik 'n riem onder die hart. Baie baie dankie daarvoor.

Baie liefde.

Marietjie



Liewe Chareldine,

Ons hier op Paternoster lyk nog soos die kat wat room gekry het.

Hoe heerlik was dit nie om 'n paar uur saam met sulke begeesterde boekliefhebbers soos julle deur te bring nie! Baie dankie aan elkeen van die mense wat opgetree en aan ons 'n diep bevredigende paar uur besorg het. Sulke uithaler-storievertellers! Watter voorreg!

Baie dankie ook aan die Vriende van Afrikaans en die ATKV vir die twee waardevolle boektrommels met die pragtige boeke.

Ons belowe om mooi na die boeke te kyk en hulle ook, gewapen met ons nuwe kennis, saam met die kinders te ontgin. Ons sal julle gereeld laat sien hoe die boeke geniet word. Hier is 'n foto van die heel eerste boek wat gister 'n leesmaatjie gekry het. En dan is daar natuurlik die vreugde wat ons het dat Shemone gereeld vir ons kinders gaan lees.

Die werkswinkel het ook op 'n ander manier ons gemeenskap nader aan mekaar gebring. Een van die tannies uit die vissersgemeenskap het haar nou by ons leesvrywilligers aangesluit en Charmaine, die eienares van Mondvol, gaan in die toekoms gereeld haar dogtertjie na Storiehoek toe bring.

Mag julle werk op ongekenende wyse geseën word.

Mooistes!

Joan

(Storiehoektannie)



Die heel eerste boek wat 'n leesmaatjie gekry het

Doendinge in Afrikaans

NUUSBRIEF

Redakteur: **Mandie Ehlers**

Assistentredakteur: **Chareldine van der Merwe**

Bladuitleg: **Plenti Creative**

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Cotillion Place, Technorylaan 22
Tegno Park Stellenbosch 7600

Posadres: Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon: 021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer: 021 880 1946

E-posadres:

Mandie Ehlers:

mandiee@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:

chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste: www.atkv.org.za

Koopdinge in Afrikaans

DIE VOLGENDE ITEMS IS BY DIE KANTOOR TE KOOP:

- 1. Dubbel-CD:** Ou Vriende van Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore teen R100
- 2. Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans** geskep deur Peter Slingsby teen R20
- 3. Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160
- 4. CD: Vespers van Rachmaninof** in Afrikaans teen R120
- 5. Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases** teen R135
- 6. Joernaal van Jorik – in klank** (toonsetting deur Roelof Temmingh) teen R120
- 7. Die Nagbiblioteek** deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar teen R120

(R65 posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word)

Bank:

ABSA, Tjekrekening

Rekeningnaam: ATKV

Rekeningnommer: 0170166728

Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende

"Swift Code": ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenk bundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.



'n Divisie van die  ATKV